

## Sondag 12 Mei

<b>Skrifgedeelte: Spreuke 31:10-31 (1953-vertaling)</b>	<b>Fokusgedeelte: Spreuke 31:30b</b>
---	--------------------------------------

### 'n Vrou wat die HERE vrees, sy moet geprys word!

In Spreuke 31 gaan dit eintlik om twee tipes vroue: die “vrouens” van vers 3 teenoor die “deugsame vrou” van verse 10-31.

Die “vrouens” van vers 3 is dieselfde soort vrou waarteen die Spreukeskrywer sy seun by herhaling gewaarsku het. Dan kry ons die deugsame vrou waarvoor Spreuke 31 so bekend is. 'n Lied waarin die deugsame vrou besing word. Hiervolgens is sy bekwaam, ambisieus, hardwerkend, barmhartig, betroubaar, toegewyd, verstandig en opgeruimd. Sy is 'n goeie hulp vir haar man, 'n besonderse ma vir haar kinders en 'n aanwinst vir die gemeenskap. 'n Vrou wie se hande vir niks verkeerd staan nie, 'n regte raakvatter. Al hierdie deugde trek in een deug saam: die feit dat sy die Here gevrees het.

Interessant om raak te sien dat daar eintlik niks van haar uiterlike skoonheid gesê word nie. Lemuel se ma het immers geweet: uiterlike skoonheid hou nie. Vandaar die woorde “*skoonheid is nietigheid*”. Maar as sy die Here vrees, dan verdien sy om geprys te word. Die rede hiervoor is omdat Lemuel se ma besef het dat geen gesin, geen familie en geen samelewing behoorlik kan funksioneer sonder 'n deugsame vrou nie. Daarom is 'n deugsame vrou so 'n kosbare skat (vs 10). En daarom verdien sy om geprys te word en te kry wat haar toekom (vs 30, 31): die bewondering van haar man, die respek van haar kinders en die beskerming van haar gemeenskap.

Daar is baie godvresende vroue wat, as verlostes in Christus, werklik daarna streef om hierdie deugde deel van hulle lewe te maak. Maar so dikwels bestaan daar 'n skuldgevoel of 'n gevoel van ontoereikendheid. In tye soos dié, onthou dat die Here die hart sien (Ps. 139) en Hy gee sy genade en sy Gees aan hulle wat Hom sonder ophou daarom bid en daarvoor dank (HK So. 45). Ons moet ook besef: Uit onself is ons tot niks goeds in staat nie. Daarom dat Paulus in Filippense 4:13 die teenmiddel vir ontoereikendheid gee: “*Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.*” Dis egter ook hier waar die godvresende man inkom: hy prys sy vrou, want sy het die erkenning en aanmoediging nodig.

*Sing: Psalm 128-1:1, 2*

*Ds. PC van Rooy (Nelijs) (Elandskraal)*